



Lieb Swiegers boer op die plaas Beespan, sowat 37 km buite Griekwastad op die Niekershooppad. Sy oupa-grootjie het die plaas in 1908 gekoop. Die Merino kudde is kort daarna aangeskaf en as gevolg van droogte in die twintigerjare het sy oupa toe alles weer verkoop. Terwyl die diere nog op die plaas was het goeie reën uitgesak, maar omdat die transaksie reeds beklank was, is die diere weggelaai. 'n Merino kudde is toe weer later op die been gebring.

Lieb vertel verder: "Ek het in die destydse Trust bank gewerk maar nadat my pa ernstig siek geword het in 1978, het ek kom boer. Ek het later die oorspronklike kudde by my pa, Johannes, geërf en geboer soos wat my pa en oupa gedoen het. Ons het maar soutlekke vir die vee uitgesit. Vroeër het ek altyd die ramlammers kastreer, sterte geknip en 'n mark probeer soek by die Indiërs met die feeeste in Natal. Die lammers is op 18 maande (2-tand) bemark met 'n gemiddelde gewig van 42 kg."

Tans bestaan sy kudde uit sowat 730 ooie op die 6 120 ha plaas. Volgens algemene opvatting hoort Merino's eintlik op bossieveld, maar op Beespan is meeste van die weiding Swarthaak, 'n boom wat twee tot drie meter hoog word. In die leegtes kom bloubuffel- en haasgras voor. Hy is een van slegs twee Merino-boere in die Hay distrik. Vroeër was hierdie 'n Merino area, maar om een of ander rede is daar omgeskakel na ander kleinveerasse.

Hy het egter algaande begin besef dat hy iets moes doen om sy inkomste te verhoog. Grondpryse het onbekostigbaar geword, dus was horisontale uitbreiding buite die kwessie en moes hy dus kyk op watter ander maniere meer waarde toegevoeg kon word met dit wat hy het. In die verlede wou hy geen byvoeding gee nie omrede hy gedink het dat dit nie ekonomies regverdigbaar is nie. Hy het in 2000 'n kursus van dr Jasper Coetzee bygewoon en in die maande daarna begin besef dat byvoeding tog 'n groot rol kan speel.

"Ek het besluit om 'n bestuursaanpassing te maak. Vanaf 2002 gee ek die ooie prikkelvoeding wanneer nodig, maar elke jaar van ses weke voor lamtyd

Merino's gedy in Hay

⁴ Saamgestel uit inligting deur: ¹ Lieb Swiegers, ² Mike vd Berg, ³ Alfred Kluge en Me Clivé Burger

As na Lieb Swiegers se prestasies met die Merino gekyk en vergelyk word, is die ras waarskynlik in dié gebied oor jare vir verkeerde redes verruil vir ander.

tot die lammers gespeen word 'n deurvloei proteïenlek aanvulling." Die ooie se inname van die deurvloei proteïenlek is tussen 250g en 350g per dag, terwyl die lammers na speen sowat 120g per dag kry. Die skape word in April gepaar, in Augustus word hulle geskeer en dan in kampe van so 50 tot 60 elk gesit. "Dit het jaarliks my lam- en speenpersentasie verhoog en 'n toename in vleis bemark tot gevolg. Nou bemark ek my lammers op tien maande ouderdom en kan meer ooie paar." sê Lieb.

Met die ontstaan van Klub13, 'n veldmerino klub, het hy jaarliks ramme daar aangekoop met die veilings in Bloemfontein. Later het hy ramme by Nuwejaarsfontein stoet van De Aar begin aankoop, wat hy vandag nog doen. Louis van Rensburg (BKB, Prieska) het al die jare sy jong ootjies geklas. Oor die jare is daar gekyk na minder plooië, 'n groter bouvorm en meer vleis. Omdat sy ramlammers na speen vir vyf maande in twee of drie groepe loop en aangepas is by die harde en droë veldtoestande, het hulle in 2002 besluit om van die ramlammers in sy kudde te gebruik. Na 'n baie streng seleksie is 14 ramme gekry wat bruikbaar was waarvan hy vyf gehou het. Louis het intussen BKB se diens verlaat en Mike vd Berg van BKB, Dealesville het vanjaar dieselfde by hom kom doen.

Mike vertel: "My eerste indruk was dat hier nie eens 'n boerbok kan oorleef nie - al wat hier vir diere is om te vreet is grond, klippe, haakbosse en hier en daar n yl besaaide bossie. Toe ek die Merino's begin hanteer, het ek agterkom dat hulle seker baie lusern gevoer word. Die wol se kwaliteit is duidelik en baie mooi egalig, dit het n pragtige wit kleur en 'n oop kartel wat baie sag op die hand is, maar tog droër as die lusernwol waaraan ek gewoond is. Die tip van die skape se wol is effe uitgekam maar het nog 'n goeie kwaliteit. Bouvorms is goed, met geen boepense tussenin nie."

Toe begin hy met Lieb gesels en vind uit dat die swarthaakbos se proteïen inhoud hoër as dié van lusern is. Dis dáárom dat hy die skape se kondisie aanmekaar met lusern weidings vergelyk het. Klaarblyklik val die blare op die grond en skuur die Merino's dan onder die bos in om die blare te vreet, dus is die wol effe uitgekam. Swiegers skeer dan ook sy skaap elke ses maande - Februarie die lammerooiskeersel en dan weer in Augustus voor lam. Die ooie word in April gepaar en die lammers word op tien maande deur GWK se lewendehawe bemark, Johan Ludwick, gelaai. Mike was ook beïndruk met die skape se massa en kondisie. Op vier maande is die lammers reeds 35 kg en die ooie weeg gemiddeld so 60 kg.



Mike vd Berg by 'n padteken

Swiegers glo goeie dieregesondheid, 'n groeifase waar deurvloeiproteïene van onskatbare waarde is en die ramme se vrugbaarheid van kardinale belang is. Aanvanklik het die lammers 'n goedkoper leksamestelling ontvang, maar vanjaar het hy besluit om dieselfde vir hulle te gee as wat die ooie kry. Hulle het vanaf 21 Mei tot met bemarking aan die begin van Augustus die deurvloeiproteïenlek ontvang. Hy het ook met 'n voedingsprogram begin om sy ramme gereed te kry vir die dekseisoen. Veldtoestande speel 'n groot rol en dit is uiters belangrik dat die ramme in 'n goeie kondisie is.

Alles word gedoen om die speen- en bemarking persentasie en kapitaalomsig te verhoog, wat dan groter wins en meer geld in die sak tot gevolg het. Hy sê baie mense bepaal lampersentasies volgens die uierooie uitgang, maar hy werk op die persentasie ooie wat gepaar is en lammers bemark per ooi gepaar. Sodoende word maklik vasgestel hoe produktief die ooie en hoe goed die boer se bestuur is. Ooie wat nie dragtig word nie, word identifiseer en klem word daarop gelê om verliese tussen geboorte en bemarking tot 'n minimum te beperk.

Alfred Kluge, landbou-ekoonoom van GWK se finansiële adviesdienste, doen Beespan se ontledings. Hy werk ook sekere doeltreffendheid maatstawwe vir die skaapvertakking uit en vergelyk dit met die gemiddeld van die streek (hoofsaaklik vleisras).

Volgens Alfred se syfers het Lieb se boerdery vanaf 2004 'n gedaanteverwisseling ondergaan wat produksie en wins betref – sien tabel. Voordat Swiegers met die voedingsprogram begin het, was sy speenpersentasie sowat 70, maar staan tans op meer as 110%. Sy bemarkingspersentasie vir 2007 was 105% en 109.5% in 2008. Dit beteken dat in 2007 daar 172 meer lammers gespeen is. Indien 52 hiervan vir voerkostes afgestaan word, bring dit hom by 120 meer bemarkbare lammers. Dit is ook duidelik dat die lammers elke jaar meer weeg, wat meer geld beteken.

Wolproduksie het hiermee saam toegeneem tot 9.5 kg/ooi/jr, lammerwol ingereken. Beespan lewer Merinowol van ongeveer



21.5 mikron met 'n skoonopbrengs van 67%. Wolprys behaal is sowat 30% meer as die buro gemiddeld. Sy ramlammers het vanjaar 53.5 en die ooilammers 39.7 kg geweeg op bemarkingstadium.

Parameters	2004	2005	2006	2007
Speenpersentasie	83 %	92 %	110 %	107 %
Bemarkingspersentasie	78 %	80 %	101 %	105 %
Ramlam (massa)		43 kg	50.2 kg	51.7 kg
Prulooilam (massa)		34 kg	38.6 kg	41.6 kg

Swiegers se totale bruto lekkoste het in 2007 sowat R27 610 beloop vir die ooie. Die lammers se lekkoste was R8 860. 'n Bedrag van R1 300 is by hierdie bedrae getel vir meng- en arbeidskoste, wat dan op 'n gemiddelde lekkoste van sowat R55/ooi uitwerk. Swiegers se direkte kostes per ooi was R140.60 en sluit lek, medisyne en voer in. Die buro se gemiddelde koste per ooi was slegs R47.66. Maar dit is by die bemarking waar Swiegers glimlag, want hy het per dier R792.81 (wol ingereken) gekry, terwyl die groepgemiddeld R454 was. Sy bruto inkomste per dier bemark was R640 teenoor die gemiddeld van R491.

Vir die 2008 jaar se ontleding was Beespan se Merino's se bruto inkomste per ooi in die kudde R1,003 teenoor die groepgemiddeld van R457. Alhoewel sy direk toedeelbare koste R220 per ooi was en die buro gemiddeld slegs R79, beteken dit dat Swiegers 'n allemintige R405 meer per ooi gekry het as die ander boere in die gebied!

Kluge sê produsente moet waak om nie hulself bankrot te spaar nie. "Hulle sal dikwels eerder in tye van droogte minder lek gee om op kontantvloei te bespaar, waar die teendeel meer winsgewend is, soos in Swiegers se geval waar hy bereid is om meer te bestee en dan dubbeld soveel terugkry. Dit behoort elke boer se uitdaging te wees om sy produksiefaktore aan te wend om optimum opbrengs, dus maksimum wins, te verseker. Deur die kort tydjie wat ek al met oom Lieb

te doen gehad het is dit duidelik dat hy dit regkry om Beespan tot die beste te benut in harmonie met dier en veld."

Lieb se seun, Johan, wat tans as 'n graan- en kommoditeitsmakelaar in Johannesburg werk, is besig om die boerdery stelselmatig by hom oor te neem. Hy sal vanaf September 2009 die totale boerdery behartig. Vir verdere

vertikale uitbreidings is hulle besig om ook 'n arabier perdestoet op die plaas te vestig. Agter elke suksesvolle boer is daar ook 'n ondersteunende vrou. Liesbet Swiegers staan bankvas agter haar man en geniet nou saam met hom die suksesse wat hy met sy diere behaal. Vir twaalf jaar lank moes sy in die dorp bly waar sy onderwys gegee en net naweke huis toe gekom het. Maar die harde werk en baie opofferings het uiteindelik vrugte afgewerp.

Mike vd Berg sluit af met: "Lieb Swiegers het almal verkeerd bewys! Merino's kan enige plek geboer word, tot in die Kalahari. Dit is absoluut 'n voorreg om met iemand in so 'n droë wêreld se skape te werk wat so passie vir die Merino het en 'n groot sukses van 'n ras te maak wat werklik op enige plek in die land geboer kan word en dan nog steeds ander rasse klop."

'n Beter bestuursprogram wat hy 'n paar jaar gelede begin volg het, het toe goeie resultate gelewer vir Lieb Swiegers en nou steek hy met dieselfde aantal vee baie meer geld in sy sak. Hy sê dat dit belangrik is om die hulp van kundiges te gebruik. Dit is duidelik dat produsente wel met dieselfde hoeveelheid grond en vee groter winste kan behaal. Mens moet net slim boer. ■

¹ Posbus 35, Griekwastad

² 0827722596, mike.vandenberg@bkb.co.za

³ GWK Koöperasie - 0532988425, Faks 0532982231, 082883755, aokluge@gwk.co.za

⁴ Artikel in Voermol Feedback, Julie 2008: Vertikale uitbreiding van boerdery kan winsgewend wees